

1ste salaris = vryheid?

Notebook: First Notebook

Created: 30/01/2014 08:37 PM

Updated: 30/01/2014 08:40 PM

URL: <http://www.dieburger.com/sake/2014-01-24-1ste-salaris-vrvheid>

Keer dat geld jou baas word

1ste salaris = vryheid?

As jy vir jouself moet sorg, is daar baie gate om toe te stop

Letitia Watson

Vrydag 24 Januarie 2014

DIE BURGER



Jy het jou graad gekry en is in jou eerste pos aangestel – vryheid! Maar dis ook 'n goeie tyd om

te begin dink watter soort vryheid jy in jou lewe wil bereik en hoe jy jou swaarverdiende geld kan inspan om vir jou te werk.

Wil jy die vryheid hê om te bestee tot jou gô uithang (al is dit op skuld) of wil jy finansiële vryheid hê sodat jy nie vir die res van jou lewe van salaristjek tot salaristjek hoef te leef nie?

Met ander woorde, wil jy hê dat jou bates vir jou 'n inkomste genereer onafhanklik van jou salaristjek? Almal kan dié soort vryheid bereik – maar dan moet jy nadink oor die doel van geld in jou lewe.

Begroot

Baie jong mense wat vir die eerste keer begin werk, het hulle nie veel aan 'n begroting gesteur terwyl hulle nog gestudeer het nie.

Maar daar is 'n groot verskil tussen sakgeld uitgee en leef van geld wat jy self verdien.

Die basis van gesonde finansies is 'n begroting. Dis belangrik om nou daarmee te begin, want hoe meer finansiële verantwoordelikhede jy kry – soos 'n huisverband of kinders – hoe belangriker word goeie beplanning. 'n Begroting kan jou vir die res van jou lewe skuldvry hou.

Dit behels dat jy boekhou van jou inkomste en uitgawes, en weet waaraan jy jou geld bestee. Die goue reël is: Moenie meer bestee as jou inkomste nie. Onmiddellike bevrediging kom teen 'n duur prys.

Spaar

Wanneer jy daardie eerste salaristjekkie kry, is spaar dikwels nie baie hoog op die agenda nie, maar hoe vroeër jy begin spaar, hoe vinniger kom jy in dié gewoonte. Sorg dat jou spaargeld maandeliks per debietorder van jou salaris afgetrek word.

Jou eerste spaardoelwit is om ses maande se salaris in 'n noodfonds te spaar. Die lewe is vol onvoorsiene gebeure en jy wil nie in 'n situasie beland dat jy moet geld leen om 'n krisis te hanteer nie.

Die groot fout wat baie mense in hul 20's maak, is om te dink dat hulle later, as hulle meer verdien, sal begin spaar. Maar die geld wat jy nalaat om in jou 20's te spaar, kan jy nooit weer inhaal nie.

Jan-Carel Botha van Ultima Finansiële Beplanners verduidelik dit só: Gestel jy begin op 25 werk en spaar R1 000 per maand in 'n beleggingsinstrument wat 'n opbrengs van 12% per jaar lewer. Jy verhoog jou bydrae jaarliks met 6% (bietjie meer as die inflasiekoers) en dra tot jy 65 is daartoe by. Teen 65 gaan jy sit met 'n belegging van R21 miljoen. As jy net 5 jaar later, op 30, begin spaar, sal jou beleggingswaarde op 65 R11 miljoen wees. Die verskil is dus byna 50%!

Net 'n waarskuwing as jy nou dink R11 miljoen klink in elk geval vir jou na meer as genoeg: R11 miljoen oor 40 jaar is nie wat dit vandag is nie!

Met inflasie in ag geneem, is R11 miljoen oor 40 jaar gelykstaande met R1 070 000 in vandag se koopkrag en R21 miljoen sowat R2 040 000. Dus, in vandag se koopkrag sal die R11 miljoen vir jou 'n maandelikse inkomste van sowat R4 500 lewer en R21 miljoen 'n maandelikse inkomste van sowat R8 500.

Jan Taks

Die een of ander tyd kom almal onder die belastinggaarder se soeklig en dis belangrik om van

vroeg af 'n goeie verhouding met die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) op te bou. As jy gaan werk, moet jy as belastingbetaler registreer. Jou werk gaan dit nie noodwendig namens jou doen nie.

Die SAID se webwerf (www.sars.gov.za) het die regte vorms en het baie wenke vir belastingbetalers.

Pensioen- en voorsorgfondse

Sodra jy amptelik in diens is by 'n maatskappy, sal jy waarskynlik gevra word om deel te word van die werk se pensioen- of voorsorgfonds. As daar nie een is nie of jy vir jouself werk, kan jy 'n uittree-annuïteit oorweeg.

Hoe langer jy hiermee sloer, hoe moeiliker raak dit om voldoende geld vir jou aftrede weg te sit. Kenners meen dat jy sowat 15% van jou salaris, of selfs meer as jy kan, vir aftrede moet spaar, en jy moet daardie geld nooit deur die loop van jou werklewe vir iets anders gebruik nie.

Hoekom lewens- en ongeskiktheidsdekking?

As jy werk, het jy moontlik groep-lewens- en -ongeskiktheidsdekking deur jou maatskappy. As daar nie is nie of dit gee net beperkte dekking, moet jy dit self uitneem.

Ongeskiktheidsdekking kan jou toekomstige inkomste beskerm. Dit voorsien vir uitgawes as jy weens 'n besering of siekte nie in staat is om te werk nie – tydelik of permanent. Dit dek kostes wat jou mediese fonds nie dra nie en kan selfs vir aftrede voorsiening maak.

Lewensdekking word belangrik wanneer jy skuld soos 'n huisverband en afhanklikes het. Dit kan jou skuld delg, sodat jou familie nie daarmee opgesaal sit nie, en dit kan finansieel voorsiening maak vir kinders of enige afhanklikes as jy sterf.

Om verstandig met jou geld te werk, is 'n balanseertoertjie en jou grootste opofferings moet so vroeg moontlik gemaak word sodat jy byvoorbeeld so gou moontlik jou noodfonds opgebou het. Namate jou persoonlike bates groei en jou skuld afneem (as jy skuld het), kan jy dit bekostig om jou bydrae tot sekere produkte – soos lewensdekking – te verminder en die koste daarvan ook te spaar.

Hiervoor het jy kundige advies nodig om te weet wanneer jy dit kan bekostig om aan een kant skiet te gee om meer aan die ander kant te kan spaar.

Dit is waar 'n finansiële beplanner ('n gesertifiseerde beplanner, nie iemand wat 'n produk aan jou wil verkoop nie) se hulp goud werd is: om vir jou 'n pasgemaakte finansiële plan saam te stel wat jou omstandighede in elke fase van jou lewe in ag neem.

Skuld

Pasop vir krediet – dit maak dit baie maklik om meer te bestee as wat jy kan bekostig. Moet byvoorbeeld nie skuld maak om vir klere en vakansies te betaal nie.

Persoonlike lenings en kredietkaarte se rentekoerse is hoër as byvoorbeeld dié van huislenings. Die rente op uitstaande bedrae op jou kredietkaart kan nou sowat 26% wees. Dit beteken dat jy op elke R1 000 wat bestee is, R260 se rente gaan betaal.

Om skuld se baas te bly, moet jy elke maand kyk hoe jou begroting lyk. Jy moet altyd jou skuld kan afbetaal aan die einde van die maand.

As jy lenings het moet jy probeer om méér as die maandelikse minimum te betaal om dit gouer

te delg. As jy sukkel om dit baas te raak, delg altyd die kleinste skuldbedrag eerste – dit maak dan meer kontant los om die ander skuld af te betaal.

Jy kan ook aanklop vir raad by organisasies soos die Nasionale Skuldmediasievereniging (www.ndma.org.za) en die Nasionale Kredietreguleerder (www.ncr.org.za).

Werk nou aan jou kredietrekord

'n Goeie kredietstatus sal vir jou deure oopmaak wanneer jy eendag 'n motor of eiendom wil koop. Dis 'n bewys dat jy 'n goeie skuldbetaler is en jou lenings doeltreffend bestuur.

As jou naam by 'n kredietburo verskyn, beteken dit nie dat jy 'n swak kredietprofiel het nie. Dit is net 'n bewys dat jy wel 'n rekening by 'n kredietverskaffer het. Die inligting oor hoe jy jou rekeninge betaal, maak deel van jou betalingsprofiel uit.